KLK LANDBOU LIMITED
REG.NR. 1997/015589/06

ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEëINDIG 31 AUGUSTUS 2011

OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die finansiële state is ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk opgestel. Die rekeningkundige beleid wat gevolg is by die voorbereiding van die tussentydse finansiële state is dieselfde as dit wat gegeld het in die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011.

KOMMENTAAR

FINANSIëLE OORSIG

Die verdienste van R7.0 miljoen, vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2011 verteenwoordig 'n styging van 27,5% in vergelyking met die ooreenstemmende periode van die vorige jaar.

Die beter resultate kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die verbeterde resultate van die Vleisafdeling, die Motorafdeling, Build it en SA Dorper wat goed presteer het asook die stewige winsbydrae van die Brandstofafdeling terwyl die Handelsafdeling en Lewendehawe Veilings swakker presteer het. Die beter wins voor belasting vir die eerste ses maande het aanleiding gegee tot die hoër belastinglas van R2,8m teenoor die R1,7m van 2010.

Die groepsomset van R660m is R84m hoër. Hierdie toename in omset word hoofsaaklik toegeskryf aan brandstofpryse wat gemiddeld 22,1% hoër is en die styging van 26,4% in verkoopte eenhede van die Motorafdeling sowel as die beter omset van die Vleisafdeling waar slaggetalle verder gedaal het terwyl die styging in lam-karkaspryse van 24,1% asook beespryse, die daling in slag- en veilingsgetalle teengewerk het.

Die laer bruto winsmarge van 9,4% teenoor die 9,8% kan toegeskryf word aan die laer marges van die Brandstof- en Motorafdelings. Die Vleisafdeling het daarin geslaag om hoër bruto winsmarges te behaal asook kostebesparingsmaatreëls te implementeer wat die impak van die laer slagvolumes gedeeltelik teengewerk het.

Die netto bedryfskapitaal het vanaf 28 Februarie 2011 vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2011 met R2,7m toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die toename van R5,6m in voorraad van die handelstakke terwyl handelsdebiteure met R8.1m gedaal het en handelskrediteure met R13,6m toegeneem het. Dit het aanleiding gegee tot 'n stewige verbetering in die kontantposisie vir die ses maande periode onder oorsig.

VOORUITSIGTE

Die Direksie verwag dat die winsgroei van die eerste ses maande gedurende die tweede ses maande herhaal kan word.

OMSIGTIGHEIDSVERKLARING

Aandeelhouers word weer in kennis gestel dat die maatskappy met onderhandelinge besig is wat, indien dit suksesvol afgehandel word, 'n wesenlike uitwerking op die prys van die maatskappy se aandele mag hê. Vervolgens word aandeelhouers aangeraai om met omsigtigheid met die maatskappy se aandele te handel tot tyd en wyl 'n volledige aankondiging gemaak word.

DIVIDENDE

Geen tussentydse dividend (2010 - nul) word verklaar nie aangesien dit maatskappybeleid is om slegs 'n eenmalige dividend na die afsluiting van die finansiële jaar te oorweeg.

Met volmag van die Direksie op 11 Oktober 2011.

JS Marais	**JPN Stander**	**SD van Huyssteen**
Voorsitter	Vise-Voorsitter	Besturende Direkteur

DIREKTEURE

DIREKTEURE / DIRECTORS : JS Marais (Voorsitter/Chairman), JPN Stander (Vise-Voorsitter/Vice-Chairman), JM Bredenkamp, WSB du Toit, W Edmayr, A Human (Finansieel/Financial), JJA Smith, FJ van der Merwe, SD van Huyssteen (Besturend/Managing), JA van Zyl.

GEREGISTREERDE KANTOOR

Adres: Karakoelstraat 14, Upington, 8801
Posadres: Posbus 86, Upington, 8800
Telefoon: 054 - 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

AANDELEVERHANDELINGSKAMER

Du Toit van den Heever (Geoktrooieerde Rekenmeesters en Ouditeure)
Adres: Schröderstraat 18, Upington, 8801
Posadres: Posbus 204, Upington, 8800
Telefoon: 054 - 332 4585

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2011

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIëLE POSISIE

	Ongeouditeer 31 Augustus 2011 R'm	Ongeouditeer 31 Augustus 2010 R'm	Geouditeer 28 Februarie 2011 R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates	67.3	63.6	66.2
Eiendom, aanleg en toerusting	52.5	51.4	52.9
Ontasbare bates	2.5	2.6	2.5
Belegging in geassosieerde	12.0	9.3	10.5
Beleggings gehou vir verkoop	0.2	0.3	0.3
Bedryfsbates	152.0	139.6	150.0
Voorraad	88.3	75.7	82.7
Handelsdebiteure	55.1	56.7	63.2
Kontant en kontantekwivalente	8.6	7.2	4.1
Totale bates	219.3	203.2	216.2
EKWITEIT EN LASTE			
Aandelekapitaal en reserwes	124.4	110.9	117.3
Buiteaandeelhouersbelang	1.8	1.3	1.7
Totale laste	93.2	91.0	97.2
Nie-bedryfslaste	3.0	7.6	6.3
Aandeelhouerslenings	3.2	3.9	3.3
Langtermynlenings	1.7	7.5	4.9
Uitgestelde belasting	(2.0)	(3.8)	(2.0)
Bedryfslaste	90.2	83.4	90.9
Handels- en ander krediteure	89.0	70.8	75.4
Oortrokke bank	1.2	12.6	15.5
Totale ekwiteit en laste	219.3	203.2	216.3

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2011

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ongeouditeer 31 Augustus 2011 R'm	Ongeouditeer 31 Augustus 2010 R'm	Geouditeer 28 Februarie 2011 R'm
Omset	660.0	575.8	1,194.0
Handel	655.8	571.4	1,186.8
Lewende hawe	4.2	4.4	7.2
Voortgaande bedrywighede			
Verkope	660.0	575.8	1,194.0
Koste van verkope	(598.3)	(519.1)	(1,081.6)
Bruto wins	61.7	56.7	112.4
Ander inkomste	7.1	9.2	11.7
Bedryfsuitgawes	(59.5)	(58.9)	(105.8)
Wins uit gewone bedrywighede	9.3	7.0	18.4
Finansieringskoste	(0.9)	(1.3)	(2.0)
Wins voor belasting	8.3	5.7	16.4
Belasting	(2.8)	(1.7)	(4.4)
Wins na belasting	5.6	4.0	12.0
Ekwiteits wins/(verlies) van geassosieërde	1.5	0.9	2.1
Buiteaandeelhouersbelang	(0.1)	0.6	0.2
Netto wins vir die tydperk	7.0	5.5	14.4

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2011

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE

	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2011 R'm	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2010 R'm	Geouditeer 12 maande geëindig 28 Februarie 2011 R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	23.5	5.6	6.0
Kontantontvangste van kliënte	671.4	576.4	1,204.4
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers	645.7	568.6	1,193.7
Kontant uit/(gebruik in) bedryfsaktiwiteite	25.7	7.7	10.7
Rente ontvang	1.1	1.2	2.9
Dividende ontvang	0.0	-	0.0
Rente betaal	(0.9)	(1.3)	(2.0)
Dividende betaal	-	-	(2.4)
Belasting betaal	(2.4)	(2.1)	(3.2)
Kontantvloei gebruik in beleggingsaktiwiteite	(1.5)	(2.3)	(5.5)
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(1.5)	(3.3)	(6.8)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	-	-	0.2
Verkoop/(Aankoop) van ander beleggings	0.1	1.0	1.0
Kontantvloei gebruik in finansieringsaktiwiteite			
Lenings terugbetaal	(3.3)	(1.9)	(5.1)
Toename in kontant en kontantekwivalente	18.8	1.3	(4.6)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	(11.4)	(6.8)	(6.8)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	7.4	(5.5)	(11.4)

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Aandele-kapitaal R'm	Aandele-premie R'm	Behoue verdienste R'm	Totaal R'm
Saldo op 1 Maart 2010	21.5	9.0	74.9	105.4
Netto wins vir die tydperk	-	-	5.5	5.5
Saldo op 31 Augustus 2010	21.5	9.0	80.4	110.9
Netto wins vir die tydperk	-	-	8.9	8.9
Dividende	-	-	(2.4)	(2.4)
Saldo op 28 Februarie 2011	21.5	9.0	86.8	117.3
Netto wins vir die tydperk	-	-	7.0	7.0
Saldo op 31 Augustus 2011	21.5	9.0	93.9	124.4